

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Niewoudt v Heyl NO (7409/2005) [2008] ZAWCHC 298 (18 November 2008)

[2008] ZAWCHC 298

COURT

Western Cape High Court, Cape Town

BEFORE

D Potgieter

CASE / FILE NUMBER

7409/2005

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELENG) SAAKNOMMER: 7409/2005 DATUM: 18 NOVEMBER 2008 In die saak tussen: ACS NIEWOUDT Applikant en HARTWIG-GEORG HEYL NO Respondent UITSPRAAK D POTGIETER. WnR: Hierdie is n aansoek om verfof om te appelleer teen die uitspraak wat in hierdie aangeleentheid op 23 Julie 2008 gelewer was. Die toets wat ter sprake is in 'n aansoek soos hierdie is geyk, naamlik, of daar redelike vooruitsigte is van sukses op appel of soos dit ook gestel word, 'n hof van appel tot 'n ander bevinding mag kom ten opsigte van die saak. Die gronde waarop die applikante om verlof, wie die verweerderes in die hoofsaak was, steun is volledig uiteengesit in die kennisgewing van aansoek om verlof om te appelleer en is ook vandag in argument weereens uitgelig deur mnr De la Rey, wat namens die applikante vandag verskyn net, soos hy gedoen net tydens die verhoor. Mnr Van der Walt, wie namens die respondent verskyn - die respondent, moet ek byvoeg was die eiser in die hoofsaak en mnr Van der Walt net ook vir horn op daardie stadium opgetree - het geskrewe betoog opgehandig vanoggend en die tersaaklike submissies in daardie

verband toegelig. Hy handel onder andere, by die oorweging van die vraag of daar redelike vooruitsigte van sukses op appel is, met die bekende benadering van fn hof van appel tot feitebevindings of afleidings van die verhoorhof, soos uiteengesit in die saak van R v DHLUMAYO AND ANOTHER 1948(2) SA 677 (A), naamlik dat die hof op appel nie ligtelik sal inmeng waar die verhoorhof die saak beslis het na aanleiding van of op die basis van feitebevindings en afleidings wat deur die verhoorhof gemaak was nie. Hy maak ook die submissie, soos uiteengesit in die geskrewe betoog, dat daar geen basis is waarop 'n hof op appel sal inmeng met die feitebevindings en afleidings in hierdie saak nie. Hy het verwys, onder andere, na die saak van NATIONAL EMPLOYERS' GENERAL INSURANCE COMPANY LIMITED v JAGERS 1984(4) SA 437 (ECD) en ook na die saak waarmee gehandel was in die uitspraak in hierdie aangeleentheid, naamiik STELLENBOSCH FARMERS' WINERY GROUP LIMITED AND ANOTHER v MARTELL-AT-SEA AND OTHERS 2003(1) SA 11 (HHA) asook na twee verdere Hoogste Hof van Appel sake wat

basies die benadering in die STELLENBOSCH FARMERS' WINERY GROUP saak bevestig, naamlik LOURENS v OLDWAGE 2006(2) SA 161 (HHA) en DREYER AND ANOTHER NNO v AXZS INDUSTRIES (PTY) LTD 2006(5) SA 548 (HHA). Ook hierdie is 'n geïkte benadering tot die beoordeelmg van feitlike getuiens waar daar dispute ter sprake is. Ek moet byvoeg dat at die aspekte waarmee gehandel word in die gronde uiteengesit in die kennisgewing van aansoek om verlof om te appelleer asook in die argument vandag is mee gehandel in die uitspraak in hierdie aangeleentheid. Na my mening sal dit geen doel dien om dit hier te herhaal nie. Na oorweging van die aansoek asook die argumente wat aangevoer was namens die partye, is ek nie oortuig dat daar 'n redelike vooruitsig is van sukses op appel nie en bygevolg word die aansoek om verlof om te appelleer VAN DIE HAND GEWYS MET KOSTE. D POTGIETER, WnR

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELENG)

SAAKNOMMER: 7409/2005

DATUM: 18 NOVEMBER 2008

In die saak tussen:

ACS NIEWOUDT Applikant

en

HARTWIG-GEORG HEYL NO Respondent

UITSPRAAK

D POTGIETER. WnR:

Hierdie is 'n aansoek om verlof om te appelleer teen die uitspraak wat in hierdie aangeleentheid op 23 Julie 2008 gelewer was. Die toets wat ter sprake is in 'n aansoek soos hierdie is geïkt, naamlik, of daar redelike vooruitsigte is van sukses op appel of soos dit ook gestel word, 'n hof van appel tot 'n ander bevinding mag kom ten opsigte van die saak.

Die gronde waarop die applikante om verlof, wie die verweerderes in die hoofsaak was, steun is volledig uiteengesit in die kennisgewing van aansoek om verlof om te appelleer en is ook vandag in argument weereens uitgelig deur mnr De la Rey, wat namens die applikante vandag verskyn net, soos hy gedoen net tydens die verhoor.

Mnr Van der Walt, wie namens die respondent verskyn - die respondent, moet ek byvoeg was die eiser in die hoofsaak en mnr Van der Walt net ook vir horn op daardie stadium opgetree - het geskrewe betoog opgehandig vanoggend en die tersaaklike submissies in daardie

verband toegelig. Hy handel onder andere, by die oorweging van die vraag of daar redelike vooruitsigte van sukses op appel is, met die bekende benadering van 'n hof van appel tot feitebevindings of afleidings van die verhoorhof, soos uiteengesit in die saak van R v DHLUMAYO AND ANOTHER 1948(2) SA 677 (A), naamlik dat die hof op appel nie ligtelik sal inmeng waar die verhoorhof die saak beslis het na aanleiding van of op die basis van feitebevindings en afleidings wat deur die verhoorhof gemaak was nie.

Hy maak ook die submitisie, soos uiteengesit in die geskrewe betoog, dat daar geen basis is waarop 'n hof op appel sal inmeng met die feitebevindings en afleidings in hierdie saak nie. Hy het verwys, onder andere, na die saak van NATIONAL EMPLOYERS' GENERAL INSURANCE COMPANY LIMITED v JAGERS 1984(4) SA 437 (ECD) en ook na die saak waarmee gehandel was in die uitspraak in hierdie aangeleentheid, naamlik STELLENBOSCH FARMERS' WINERY GROUP LIMITED AND ANOTHER v MARTELL-AT-SEA AND OTHERS 2003(1) SA 11 (HHA) asook na twee verdere Hoogste Hof van Appel sake wat basies die benadering in die STELLENBOSCH FARMERS' WINERY GROUP saak bevestig, naamlik LOURENS v OLDWAGE 2006(2) SA 161 (HHA) en DREYER AND ANOTHER NNO v AXZS INDUSTRIES (PTY) LTD 2006(5) SA 548 (HHA). Ook hierdie is 'n geykte benadering tot die beoordelmg van feitlike getuiens waar daar dispute ter sprake is.

Ek moet byvoeg dat at die aspekte waarmee gehandel word in die gronde uiteengesit in die kennisgewing van aansoek om verlof om te appelleer asook in die argument vandag is mee gehandel in die uitspraak in hierdie aangeleentheid. Na my mening sal dit geen doel dien om dit hier te herhaal nie.

Na oorweging van die aansoek asook die argumente wat aangevoer was namens die partye, is ek nie oortuig dat daar 'n redelike vooruitsig is van sukses op appel nie en bygevolg word die aansoek om verlof om te appelleer VAN DIE HAND GEWYS MET KOSTE.

D POTGIETER, WnR

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAWCHC/2008/298.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/niewoudt-v-heyli-unknown-topic-awchc-2008>

Prepared on 13 October 2026 · Esheria